STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

24 FEBRUARIE 2019

# GEMEENTEBULLETIN

**OGGENDDIENS**
Lig wat verdof
Joh. 7:40-52

**GESINSDIENS**
Lig op die toekoms
Matt. 24:36-44

**BLOKDIENS**
**Ds. Potgieter**
Ken jy Hom?
Matt. 16:13-20

**JEUGDIENS**
Lig wat verdof
Joh. 7:40-52

**DEURKOLLEKTE**
**Jan Kriel Instituut, Kuilsrivier**

Die instituut bestaan uit 'n laer– en hoërskool wat kinders met epilepsie asook leerprobleme onderrig.

## EREDIENSTE

| | | | 24 Februarie | | 3 Maart | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Visagie | 3 | Ds. Duvenhage | 4 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Breytenbach | 8 | Ds. Potgieter | 9 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Philipp Dietmann | - | Philipp Dietmann | - |
| 09:00 | Grootsaal | Blokdiens | Ds. Potgieter | - | Ds. Breytenbach | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Duvenhage | - | Ds. Breytenbach | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Visagie | 13 | Mike van Deventer | 11 |

## FOKUSPROGRAM 7-21 APRIL

Met die oog op Lydenstyd en Paasfees bied ons vanaf 7 tot 21 April 'n fokusprogram met die tema: Hoop in Beweging aan. Gaspredikers soos prof. Christina Landman sal aan die program deelneem en 'n Joodse Paasfeesete @ R50 per persoon is ook een van die hoogtepunte.

### Uitbeelding van HOOP IN BEWEGING

Ons rig 'n hartlike uitnodiging aan lidmate om 'n skeppende bydrae met die tema HOOP IN BEWEGING in die vorm van 'n tekening, skildery, skryfkuns, of 'n ontwerp te skep. Gee jou verbeelding vrye teuels.

Sluitingsdatum: 22 Maart. Ons wil graag die kunswerke tydens die fokusprogram uitstal. Navrae: Ds. Potgieter, rene@stellenberg.co.za.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Ons nooi alle dogters en vroue na ons Wêreldbiddag-vir-vroue-byeenkoms op Donderdagaand 28 Februarie om 19:00 in die kapel. Ons dra vroue wêreldwyd op dié laaste dag van Februarie aan die Skepper op.

## JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- GRAAD 4-en-5-KAMP: Ons gaan vanaf 8 tot 10 Maart saam kampeer. Inskrywingsvorms sal vanaf volgende week op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.
- SENIOR KLEINGROEPE: Jeugdiens begin om 18:00 met kleingroepe direk daarna.
- SENIORKLEINGROEPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondae vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek "Stellenberg". Laai die toepassing op jou foon af.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoon-nommer na Sanèl by 083 611 4720. Geen groepsgesprekke/ gemorspos nie.

## JEUGLERAAR

Ds. Hanno Ackerman het die beroep as jeugleraar aanvaar. Sy in-diensneming is 1 April 2019. Hy sal tydens die oggenddiens van 7 April aan die gemeente bekend gestel word en by die jeugdiens (18:00) bevestig word.

## SPORTTOERUSTING VIR VOSBURG

'n Jeug- en volwasse uitreikspan besoek Vosburg vanaf 19 tot 26 Maart. Ons wil graag tweedehandse sporttoerusting saam met die uitreik stuur en dit benut in ons programme wat vir kinders aange-bied word. Enige tweedehandse sporttoerusting, veral balle, sal baie welkom wees. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

### KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2&3: Grootsaal

Graad 4: Bovertrek

Graad 5&6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Jeuglokaal

Graad 10: Kerk

Graad 11: Kleinsaal

### BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 4 Maart om 09:30 in die markplein bymekaar.

## RETRAITE IN WELLINGTON

Moderne mense se groeiende behoefte aan stilte het die gedagte aan 'n kwartaallikse wegbreekgeleentheid na die Sentrum vir Spiritualiteit in Wellington laat ontstaan. Belangstellendes sal die opsie hê om as deel van 'n groep, of alleen, stilte op te soek.

Die eerste wegbreekgeleentheid is vanaf Vrydag 5 April om 18:00 tot Saterdag 6 April om18:00. Akkommodasie (enkelkamer met badkamer) en etes word ingesluit en koste beloop R480 per persoon. Bespreek jou plek by Karin, karin@stellenberg.co.za of 021 976 4519.

## BESOEK AAN VOSBURG

Die Vosburgkomitee beoog om Vosburg-gemeente vanaf 26 tot 28 April te besoek. Lidmate word uitgenooi om saam te gaan en die heerlike plattelandse gasvryheid eerstehands te beleef. Ons woon Vosburg se kerkbasaar by, asook die erediens op die Sondag.

Kontak Christine Ferreira by 083 440 2086 of christineferreira68@gmail.com vir verdere besonderhede.

## STELLENBERG-KOSPROJEK – 26 FEB

Dra asseblief by tot ons gemeente se kosprojek. Bydraes van niebederfbare produkte, of kontantbydraes, is baie welkom. Elektroniese inbetalings kan gedoen word na: NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik KOSPROJEK as verwysing. Vanuit die kosprojek word 30 gesinne in die gemeente en die omliggende omgewing, wat finansiële nood beleef, ondersteun.

## WOLSKENKINGS

Die breigroep is reeds hard aan die werk om weer serpe en musse vir die Junie-uitreike te brei, maar hulle wolvoorraad is skraps. Skenk asb. wol, enige kleur of soort is welkom. Met een bol wol kan hulle 'n kinderserp brei. Gee asb. bydraes by die kerkkantoor af, of laat in die voorportaal van die kerk, in die wolmandjie onder die trap.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 28 Februarie om 15:00 en 15: 45

### EDELWEISS HUISBYEENKOMS

Sondag 24 Februarie 18:00

Kies jy vrees, of kies jy vertroue?

Numeri 13 & 14

### ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Ons wil graag die maandelikse gemeentekoerant *Stellenberger* asook die weeklikse bulletin elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nog nie nuus elektronies ontvang nie, stuur asb. 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## VOORBIDDING

Hannes Brand, Stepping Stone 45B, het 'n baie ernstige operasie ondergaan. Ons vra dat lidmate in besonder tydens die herstelproses aan hom sal dink.

## MET LEEDWESE

Charl Lodewyk Cilliers, gebore 26/01/1955 en oorlede op 16/02/2019. Sy roudiens is op Vrydag 22 Februarie om 11:00 in die kapel gehou. Charl was sedert 2007 'n lidmaat van die gemeente. Ons opregte meegevoel met Emma, sy vrou, Ronellestr. 45, Vredekloof, asook sy dogters en skoonseun wat hy agterlaat.

## VATVYF

Uitstappie na die pragtige Cape Garden Centre op Woensdag 6 Maart. Helia Smit, werknemer van die kwekery en ook 'n lidmaat van Stellenberg, gaan met ons gesels oor hoe so 'n groot besighed funksioneer. Ons vertrek om 09:30 vanaf die kerkkantoor. Koste R60 per persoon. Besprekings by Karin Barter,
021 976 4519 voor Vrydag 1 Maart.

## GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep - Dinsdagoggende 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep - Donderdagaande om 18:30 in die kapel. Die groep skakel op 28 Feb. om 19:00 by die Wêreld-biddag vir vroue in.
- Mannegebedsgroep - Donderdagoggende 06:00 in kafeteria.

## VAKATURE NG KERK DURBANVILLE

Die NG Kerk Durbanville adverteer 'n 5/8-pos vir 'n gekwalifiseerde jeugwerker. Sluitingsdatum vir aansoeke is op 26 Feb. en diensaanvaarding so gou moontlik. Stuur 'n e-pos aan karin@stellenberg.co.za vir die volledige posomskrywing.

### NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddiens by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeids-terapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 tot 12:00 by 021 976 8029 gemaak word.